# Gebedsonderwerpe

- Bid vir die nuutverkose kerkraadslede. Bid dat hulle duidelike leiding sal ontvang oor hulle besluit. Bid vir die hele kerkraad, dat elke lid baie naby aan God sal leef.
- Die finale reëlings vir die Kersmark. Bid vir al die uitstallers wat nou baie hard werk. Bid vir genoeg helpers.
- Geopende Deure se projek om Bybels aan gelowiges in geslote lande te verskaf. Bid vir fondse, vir hulle veiligheid, en dat elke Bybel 'n groot impak sal hê.
- Elkeen in ons gemeente wat weens ouderdom en gesondheidsprobleme afhanklik geword het. Bid vir vrede in hulle harte. Bid vir hulle versorgers, vir krag om die taak met liefde vol te hou.

***Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com***


# BORG

**van die maand**

**CRYSTAL GRAPHICS**

Hannetjie Ferreira

**083 742 3478**

crystalgraphics

printcrystal@gmail.com
083 742 3478

**CF CREATION**

Christo Ferreira

**073 912 7496**

cfcreation@yahoo.com
www.cfcreation.co.za


## NOV se deurkollektes

02 Nov: Gemeentebediening – R1 493
09 Nov: Projekte 2025 – R1 819
16 Nov: Dienende Hande – R1 449
23 Nov: Durbanville Kinderhuis
30 Nov: Sinode: Jeugwerk
30 Nov: Kerssangdiens: Musiekbediening

## Bybelstudie Stormhaven

Donderdag,
27 November
om 10:00

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

| | |
|---|---|
| Rek naam: | NGK Somerset Wes |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rek: | Tjekrekening |
| Rek nr.: | 2900 590 132 |
| Takkode: | 632 005 |
| Verwysing: | Dankoffer/Kollekte |

**2. Snapscan:**

SnapScan

Snap here to pay

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.


DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

**23 November 2025**


# Oggenddiens 09:00

Baie welkom hier in die Omgeegemeente se erediens vandag. Só vinnig kom hierdie jaar ... en hierdie bediening ... ook tot 'n einde! 37jr in 'n oogwink, want die mens se lewe is maar soos 'n veldblom wat vir 'n kort rukkie blom en dan in vergetelheid verlore gaan! Ek is baie dankbaar dat die Here my ook hierdie onuitspreeklike voorreg gegee het om op dié wyse in sy diens te staan vir slégs maar "'n oomblik in die ewigheid". Vanoggend sluit ons aan by verlede week toe ons herinner is aan Wie God is, dat Hy in elkeen van ons 'n werk aan die gang het om ons nuut te maak en te vorm na ons Rolmodel, Jesus. Hiervoor lees ons vandag uit Galasiërs 5:13-26. Mag die Here ons vandag, op hierdie regtig spesiale dag, kom seën met 'n ervaring van sy liefde vir ons elkeen deur al die ander mense om ons.

# Stroming

Hierdie diens se skakel sal ongeveer 08:45 beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik. Die skakel na die erediens sal kort voor die aanvang van die erediens, beskikbaar wees.

## Meditatiewe diens op 23/11 om 07:30

## Bybelstudie Woensdae

**Oggende: 2-weekliks**
Afgesluit vir die jaar.
**Aande: weekliks**
Afgesluit vir die jaar.

## Gebedsgroep Woensdae

in die konferensiekamer.
Afgesluit vir die jaar.

# Voorbidding

- **Tannie Gertie Viljoen** se familie, met haar afsterwe.
- **Tannie Lilla vd Ahee** se familie, met haar afsterwe.
- **Dolly Kotze,** hospitaal.
- **Francois Goosen,** tuis na hospitalisasie, maar verswak.
- **Chris Hollenbach,** herstel na hospitalisasie.
- **Stephan J v Rensburg,** chemoterapie.
- **Corrie Swanepoel,** broos.
- **Chellé vd Merwe,** broos.






*Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!*

## Uitnodiging: Ons nooi alle gemeentelede graag na die tee-geleentheid vandag na kerk in die kerksaal saam met Johan & Christine as leraarspaar



Tydens hierdie geleentheid sal ons afskeid neem van hulle twee as geliefde pastoriepaar. Ons groet hulle egter nie finaal nie, want as kosbare vriende en gemeentelede, bly hulle steeds lidmate van Omgeegemeente.

Ds Johan sal op **Sondag, 30 November** om **09:00** sy **afskeidspreek** lewer waar daar formeel afskeid geneem sal word en hy sy Akte van Demissie by Emeritaat sal ontvang. Hy sal egter nog die aand om 19:00 deel wees van die Kerssangdiens.

As gevolg van die Kersmark wat op 30 November in volle swang is en die kerksaal beset is, sal daar nie 'n tee-geleentheid na die erediens op 30 November wees nie.

## Kategese: 23 Nov 25

**Junior kategese: Voorskool – Gr 6**

**Senior kategese: Graad 7 – 12**

**Afgesluit vir die jaar.**

**Hervat weer volgende jaar na die skoolvakansie.**

## Gasvryheidsbediening

Afgesluit vir die jaar. Ons bedank graag die hele gasvryheidspan onder leiding van Elisma Lotz vir julle onbaatsugtige diens en vir al die lekkernye waarmee julle gemeentelede so gereeld saam met die tee bederf. Ons het groot waardering vir julle.

***Gemeentelede wat deel wil word van hierdie bediening kan asb. vir Elisma skakel by 082 442 2237. Jy kan betrokke raak deur hulp aan te bied met tee skink of as jy graag bak en brou kan jy vir Elisma daarmee help. Meld asb. aan en skakel in. Hierdie bediening is elke Sondag na kerk (behalwe oor langnaweke en skoolvakansies) op hul pos in Kosmos in die kerksaal.***

## DISAKLOOF JEUGKAMPTERREIN TE BETTIESBAAI

Hottentots-Holland gemeente behartig die besprekings en administrasie vir Disakloof Jeugkampterrein op Bettiesbaai.

Hulle het 'n spesiale aanbod in Desember wat hulle graag onder gemeentelede se aandag wil bring:

**VIR DIE PERIODE 7-19 DESEMBER 2025**

**Betaal vir 3 nagte en bly vir 5 nagte**

**Betaal vir 5 nagte en bly vir 10 nagte**

**(Slegs van toepassing op die huisies, nie kampering nie).**

**Kontak vir Yolandi de Leeuw den Bouter by 021 852 5004 of yolandi@nghottentotsholland.co.za vir meer inligting.**

## Manne Reisgesprek Vrydagoggende

in die konferensiekamer

**Afgesluit vir die jaar.**

## BETESDA

Betesda bestaan uit ‘n groep van 6 dames wat gemeentelede op die voorbiddingslys kontak en ondersteun. Hierdie dames bepaal ook watter ondersteuningsraamwerk daar in plek is vir elkeen van hierdie persone om sodoende die pad sinvol saam met hulle te stap. Met hul werksaamhede het Betesda ‘n behoefte geïdentifiseer aan ‘n uitreikgroep om eensame persone te besoek en te help met inkopies, doktersbesoeke ens. Dit kan ongelukkig nie onder die Betesda saambreel geakkommodeer word nie en laat sodoende ‘n geleentheid.

***Versoek: Belangstellende gemeentelede word dus genooi om ‘n koördineerder te identifiseer en ‘n uitreikspan op die been te bring wat genoemde behoefte kan aanspreek.***




Die Wes-Kaapse Bloeddiens doen ‘n beroep op gemeentelede om asb. bloed te kom skenk. Elke **Maandag** van **14:00 – 19:00** in die **kerksaal**.

- ✓ 24 November
- ✓ 08 Desember
- ✓ 15 Desember
- ✓ 22 Desember
- ✓ 29 Desember




## CARITAS

### Die gemeente se diens van barmhartigheid

### Ons senior burgers sê dankie vir die heerlike bederf!

Die bederfpakkies wat Caritas vir ons gemeente se senior burgers wat 85 jaar en ouer is, opgemaak het en wat deur die omgeewerkers versprei is, is met soveel dank en waardering ontvang.

Die kerkkantoor is oorval met oproepe van dank aan Caritas vir hierdie lekker bederf so aan die einde van die jaar.

**Ons senior burgers laat weet dat hulle spesiaal en gekoester voel met hierdie omgee-gebaar. Dankie Omgeegemeente!**

# KERSMARK

**Laaste versoek voor die Kersmark 'n aanvang neem:**

- Ons benodig nog gebak (koeke en terte) vir die **teekamer**. Kontak asb. vir **Suzette by 061 262 8298**, as jy kan help.
- **Diensbeurtroosters** sal nog vandag in die kerk se syportaal, naaste aan die kerksaal, beskikbaar wees en gedurende die week in die kerkkantoor. Dui asb. aan waar jy behulpsaam kan wees.
- Ons benodig nog heelwat **toesighouers** in die saal, asook **pakkers**.
- Daar is ook nog enkele diensbeurt spasies oop vir hulp in die **teekamer**.

# Kerkraadsverkiesing

Die volgende lidmate is op 'n Kerkraadsvergadering, gehou op 11/11 op die Kerkraad verkies:

| | | |
|---|---|---|
| *Johan Fourie* | *Voorsitter: Getuienis & Verteenw HB Uitreik* | *Nuut verkies* |
| *Rona van Zyl* | *Verteenwoordiger: Jeug* | *Nuut verkies* |
| *Marthie Groenewald* | *Blokleier: Blok 8* | *Nuut verkies* |
| *Tanya Pretorius* | *Blokleier: Blok 9* | *Nuut verkies* |
| *Julianne Bryson* | *Diaken/eredienswerker* | *Nuut verkies* |
| *Stephan Jv Rensburg* | *Diaken/eredienswerker* | *Nuut verkies* |
| *Sakkie vd Merwe* | *Diaken/eredienswerker* | *Nuut verkies* |
| Leone Malan | Voorsitter: Kerkraad & Blokleier: Blok 1 | Herkies |
| Francine v Zyl | Voorsitter: Caritas | Herkies |
| Gerrit v Zyl | Voorsitter: Gemeentebediening | Herkies |
| Ds Werner Schultz | Voorsitter: Jeugbediening | Herkies |
| Peet Marx | Voorsitter: Oudiovisueel (klank+stroming) | Herkies |
| Hennie Gerber | Diaken/eredienswerker | Herkies |
| Madalén Tredoux | Diaken/eredienswerker | Herkies |
| Braam Geldenhuys | Diaken/eredienswerker | Herkies |
| Nerine Koch | Diaken/eredienswerker | Herkies |
| Letteli Nel | Diaken/eredienswerker | Herkies |
| Charlotte Kriek | Blokleier: Blok 5 | Herkies |
| Ds Gawie v Broekhuizen | Blokleier: Blok 10 | Herkies |

***Die gemeente se voorbidding word gevra vir dié verkose kerkraadslede.***

**Tema: JESUS is ons grootste geskenk.**

# SOMERSET-WES KERSMARK

## 28 NOV – 6 DES 2025

**Gratis Toegang & Parkering**

**Kaart Fasiliteite | Rolstoelvriendelik**

**Weeksdae 09:00 – 19:00**
**Saterdae 09:00 – 15:00**



**Juwele, Huisware, Koue vleise**
**Diereprodukte, Koekies**
**Beskuit**
**Ingelegde produkte,**
**Plante, Boeke**
**Geskenke, Naaldwerk**
**Droëvrugte**
**Dekor, Hout/ Staal/**
**Metaal Geskenke**
**Heerlike Kuier-Teekamer**
**en vele meer!!**

**ANDRIES PRETORIUSSTR 77**
**SOMERSET-WES**